

Saterdag 29 Oktober

Skrifgedeelte: Galasiërs 5:13-26 (NAV)

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:22

Die vrug van die Gees

Het u al kennisgewings by besighede gesien soos: “Onder nuwe bestuur”? Dit sê nie alleen dat ’n nuwe eienaar of bestuurder die besigheid bekom het nie, maar dit skep ook by ’n mens die verwagting dat daar ’n nuwe en beter atmosfeer geskep is met beter diens.

Dieselfde kennisgewing behoort ook op die lewe van elke gelowige aangebring te word. Paulus se brief aan die Galasiërs handel veral oor twee sake:

- ’n Mens kan slegs vryspraak van jou sonde kry deur geloof in Jesus Christus;
- Deurdat jy in Christus glo, hoef jy nie eers ’n lang lys van moets en moenie na te kom om jou verhouding met die Here reg te maak nie. Dis andersom: Omdat Christus ons skuld betaal het, is ons vry om die Here ten volle te dien.

Die vraag is dus: Hoe leef iemand wat deur die geloof in Jesus Christus verlos is? In Galasiërs 5 verduidelik Paulus dat ’n gelowige onder “nuwe bestuur” lewe, onder beheer van die Heilige Gees. Dan is in jou lewe die gevolg van die beheer van die Heilige Gees duidelik sigbaar.

In hierdie bekende verse word nege kenmerke genoem wat uit ’n gelowige se lewe behoort te straal. Dis nie ’n lysie waarop jy by ’n paar dinge regmerkies kan maak en tevrede voel nie. Almal saam vorm EEN pragtige vrug van die Heilige Gees wat in beheer van jou lewe is.

Eerste op die lys staan LIEFDE – seker die belangrikste, maar die ander agt spruit eintlik almal daaruit voort.

Vra die Here om vandag en elke dag hierdie vrug deur sy Gees ’n sieraad in jou lewe te maak.

Sing: Psalm 1:2 (1936)

Ds. Arnold H Mulder (Emeritus)